

**Sondag 24 September**

**Skrifgedeelte: Jesaja 1:10-20**

**Fokusgedeelte: Jesaja 1:18**

**Volledig vergewe!**

In Jesaja 1 konfronteer God vir Juda oor hulle sonde. Dit was nie dat hulle nie meer die Here gedien het nie. Inteendeel, hulle het nog gereeld aan die Here geoffer. Dit was egter net uiterlike handelinge. Dit was net vormgodsdien. Al het hulle gereeld offers gebring aan die Here, het hulle nog steeds in hulle sonde volhard, sonde wat in helder kleure geteken word: skarlakenrooi en purperrooi. Hierdie skel kleure staan in skerp kontras met die kleur van heiligheid en sondeloosheid: wit soos sneeu, wit soos wol. Vir hulle het die rooi streep van die sondemeter die hoogte ingeskiet!

Die Here roep die volk op vir 'n gesprek met Hom. So 'n gesprek kan nie goed eindig vir die volk nie. Al wat hulle in so 'n gesprek behoort te hoor, is: Julle word vir ewig veroordeel oor julle sonde! Verrassend genoeg word hulle egter nie veroordeel nie, maar word die moontlikheid van genade aan hulle voorgelê: "Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol." Dit is 'n profesie oor die groot genade van God in Christus!

In Christus en in Hom alleen kan mense wie se sonde duidelik sigbaar is, verander word in mense wie se heiligheid duidelik sigbaar is. Dit word op 'n sigbare manier aan ons afgebeeld in die nagmaal, sodat ons sal lewe soos geheiligde mense wat die Here met hart en siel dien.

*Sing: Skrifberyming 8 (5-3):1, 2 (1936)*

*Ds. HPM (Malan) van Rhyn (Pretoria-Noord)*